argief.


# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG. VAN SUIDWES-AFRIKA. PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c | Wednesday 13 October 1971 | WINDHOEK | Woensdag 13 Oktober 1971 | No. 3213


CONTENTS

GOVERNMENT NOTICES:


No. R.1674 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Rules Relating to the Conduct of Business of the S.A. Medical and Dental Council, and other Matters . . . . . . . . . 1

No. R.1675 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Regulations Governing the Conduct of Enquiries held in terms of Chapter IV, Act 13 of 1928 . . . . . . . . . . 21

No. R.1675 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Regulations Regarding the Degrees, Diplomas or Certificates Entitling Medical Practitioners and Dentists to Registration . . 31

No. R.1677 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Regulations Regarding the Registration of Certain Classes of Medical Practioners, Interns and Dentists . . . . . . . 65

No. R.1678 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Rules Regarding the Registration of Additional Qualifications . . . . . . 69

No. R.1679 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Regulations Regarding the Examinations for Medical Practitioners and Dentists . . . 85


INHOUD Page/Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:


No. R.1674 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Behartiging van die Sake van die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad en ander Aangeleenthede . . . . . . . . 1

No. R.1675 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Hou van Ondersoeke ingestel ooreenkomstig die Bepalings van Hoofstuk IV, Wet 13 van 1928 . . . . . . . . . 20

No. R.1676 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Grade, Diplomas of Sertifikate wat Geneeshere en Tandartse reg op Registrasie gee . . . . . . . . . . . 30

No. R.1677 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Registrasie van Sekere Klasse Geneeshere, Internis en Tandartse . . . . . 64

No. R.1678 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Registrasie van Addisionele Kwalifikasies . . 68

No. R.1678 (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Eksamens vir Geneeshere en Tandartse 84


## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. R.1674.] [29 September 1971.

### DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende reëls wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94 (2) van genoemde Wet opgestel is ter vervanging van die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1680 van 30 Oktober 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.981 van 2 Julie 1965, R.1980 van 15 Desember 1966 en R.828 van 23 Mei 1969:—

## GOVERNMENT NOTICES.

## DEPARTMENT OF HEALTH.

No. R.1674.] [29th September, 1971.

### THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, approved the following rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) of the said Act in substitution for the rules published under Government Notice R.1680, dated 30 October 1964, as amended by Government Notices R.981, dated 2 July 1965, R.1980, dated 15 December 1966, and R.828, dated 23 May 1969.

# REËLS BETREFFENDE DIE BEHARTIGING VAN DIE SAKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD EN ANDER AANGELEENTHEDE

## VERKIESING VAN AMPSDRAERS

1. Wanneer daar, ooreenkomstig die bepalings van artikel 4 van die Wet, 'n voorsitter verkies moet word, moet die aanwesige lede, desnoods per stembrief, 'n tydelike voorsitter kies, en dié stembriewe moet deur die registrateur opgeneem word. Die vergadering moet daarna tot die verkiesing van 'n voorsitter, per stembrief, oorgaan. Enige lid het die bevoegdheid om per stembrief 'n lid as voorsitter te nomineer, en die tydelike voorsitter moet die name van die aldus genomineerde lede bekendmaak en die stemming per stembrief reël. Iedere stem wat by sodanige stemming uitgebring is op 'n persoon wat nie genomineer is nie, is heeltemal kragteloos en van geen waarde nie. As net twee persone genomineer word, is die eerste stemming per stembrief beslissend, tensy daar 'n staking van stemme is. As meer as twee persone genomineer word, verval die kandidaat met die kleinste getal stemme by die eerste stemming, waarna agtereenvolgens gestem moet word en elke keer een kandidaat uitgeskakel moet word totdat daar net twee is, wanneer die stemming beslissend is, tensy daar 'n staking van stemme is. In die geval van 'n staking van stemme wat die uitskakeling van enige kandidaat of die uitslag van die finale verkiesing per stembrief raak, moet daar nogmaals per stembrief gestem word, en as dit onbeslissend blyk, word die uitslag van die stemming per stembrief deur loting beslis.

2. As die voorsitter verkies is, moet hy die voorsitterstoel inneem en moet die lede daartoe oorgaan om agtereenvolgens 'n vise-voorsitter en 'n penningmeester te verkies volgens prosedure in reël 1 vasgestel, behalwe dat by 'n staking van stemme, die voorsitter 'n beslissende stem het.

## FUNKSIES VAN AMPSDRAERS

3. Die voorsitter moet op alle gewone en buitengewone vergaderings van die Raad voorsit en is verantwoordelik vir die behoorlike verloop van die vergaderings; by afwesigheid van die voorsitter, neem die vise-voorsitter die stoel in, en as die voorsitter sowel as die vise-voorsitter afwesig is, moet die lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die vergadering verkies.

4. By afwesigheid met verlof van die voorsitter, moet die vise-voorsitter al die funksies aan die amp verbonde, uitoefen.

5. As die voorsitter, sowel as die vise-voorsitter, afwesig is, moet die lede wat op 'n vergadering aanwesig is, volgens prosedure in Reël 1 onmiddellik uit eie geledere 'n waarnemende voorsitter verkies en hy moet al die funksies van voorsitter uitoefen totdat die voorsitter of vise-voorsitter weer sy pligte hervat of sy amp neerlê.

6. Behalwe soos in reël 1 bepaal, het die voorsitter, vise-voorsitter of waarnemende voorsitter van 'n vergadering by 'n staking van stemme 'n tweede of beslissende stem.

7. Ampshalwe is die voorsitter lid van al die komitees van die Raad, maar hy mag nie as voorsitter op vergaderings van enige komitee optree nie, tensy hy voorsitter van die komitee is. As die voorsitter nie in staat is nie om 'n vergadering van 'n komitee by te woon nie, is die vise-voorsitter geregtig om dit by te woon, en wanneer hy dit aldus bywoon, word hy gedurende die afwesigheid van die voorsitter geag 'n lid van daardie komitee te wees. Die vise-voorsitter mag nie as voorsitter op 'n vergadering van 'n komitee optree nie, tensy hy voorsitter van die komitee is.

8. Die penningmeester moet in alle besonderhede toesig hou oor die inkomste en uitgawes van die Raad en moet op elke gewone vergadering van die Raad 'n finansiële verslag indien wat die Raad se transaksies sedert die vorige vergadering aantoon. Indien moontlik moet hierdie verslag uitgestuur word met die kennisgewing wat die vergadering byeenroep.

## VERGADERINGS

9. Die datum of datum by benadering en plek van elke gewone vergadering van die Raad word deur die Raad op sy vorige vergadering bepaal. Elke nuut gekonstitueerde Raad moet vroeg in Januarie 'n ver-

# RULES RELATING TO THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL, AND OTHER MATTERS

## ELECTION OF OFFICE-BEARERS

1. When about to elect a president in accordance with the provisions of section 4 of the Act, the members present shall elect a temporary chairman, by ballot if necessary, which ballot shall be taken by the registrar. The meeting shall then proceed to the election of a president, which shall be by ballot. It shall be competent for any member to nominate by ballot a member for the office of president, and the temporary chairman shall announce the names of the members so nominated and arrange for a ballot. Every vote given at such ballot for a person who has not been nominated shall be wholly void and ineffectual. Should only two persons be nominated the voting on the first ballot shall be final, except in the case of an equality of votes. If more than two persons are nominated the candidate obtaining the lowest number of votes at the first ballot shall be eliminated, and thereafter successive ballots shall be taken and one candidate eliminated each time until only two remain, when the ballot shall be final except in the case of an equality of votes. In case of an equality of votes affecting the elimination of any candidate or the result of the final ballot, a further ballot shall be taken and, if that be indecisive, the result of the ballot shall be decided by drawing lots.

2. The President, having been elected, will take the Chair, and members will proceed to elect successively a Vice-President and a treasurer, the procedure laid down in Rule 1 being followed, except that in the event of an equality of votes the President shall have a casting vote.

## FUNCTIONS OF OFFICE-BEARERS

3. The President shall preside at all ordinary and special meetings of the Council, and shall be responsible for the proper conduct of the meetings; in the absence of the president the Vice-President shall take the Chair, and in the absence of both the President and Vice-President the members shall elect from among them a chairman to preside at the meeting.

4. During the absence on leave of the President the Vice-President shall exercise all the functions of president.

5. If both the President and Vice-President are absent the members present at any meeting shall, following the procedure in Rule 1, forthwith from among them elect an acting president who shall exercise all the functions of president until the President or Vice-President resumes duty or vacates office.

6. The President, Vice-President, or Acting President presiding at a meeting shall, in case of an equality of votes, have a second or casting vote except as provided in Rule 1.

7. The President shall be *ex officio* a member of all committees of the Council, but shall not preside at meetings of any committee unless he is Chairman of the committee.

If the President is unable to attend any meeting of a committee, the Vice-President shall be entitled to attend such meeting, and if so attending, he shall be deemed to be a member of that committee in the absence of the President. The Vice-President shall not preside at any meeting of a committee unless he is Chairman of the committee.

8. The treasurer shall superintend the details of income and expenditure of the Council, and shall at each ordinary meeting submit a financial statement showing the Council's transactions since the previous meeting. This statement shall, if possible, be sent out with the notice calling the meeting.

## MEETINGS

9. The date, or approximate date, and place of each ordinary meeting of the Council shall be fixed by the Council at its previous meeting. A meeting of each newly constituted Council shall be held early in the

gadering hou ten einde ampsdraers en komitees te verkies en om ander dringende sake te behandel. Sodanige vergadering moet deur die registrateur byeengeroep en in Pretoria gehou word.

10. Die voorsitter kan buitengewone vergaderings belê en moet dit belê as minstens ses van die lede dit skriftelik versoek; sodanige versoek moet duidelik die doel vermeld waarvoor die vergadering byeengeroep moet word.

11. Kennisgewings van gewone en buitengewone vergaderings moet deur die registrateur onderteken wees en moet die sake vermeld wat op die vergadering behandel moet word. In die geval van gewone vergaderings moet hulle minstens veertien (14) dae voor die datum vir die vergadering vasgestel aan elke lik per pos gestuur of oorhandig word. Vir buitengewone vergaderings moet sodanige kennisgewing geskied soos deur die voorsitter voldoende geag word, en indien nodig, kan kennisgewing per telegram of telefoon geskied.

12. Alle gewone en buitengewone vergaderings van die Raad is vir die publiek toeganglik, maar enige lid het die bevoegdheid om te eniger tyd voor te stel dat die Raad in komitee gaan om 'n bepaalde punt op die agenda te bespreek en as sodanige mosie gesekondeer en aangeneem word, moet vreemdelinge die vergadering verlaat.

13. Geen ander sake as dié in die betrokke kennisgewing genoem, mag op 'n vergadering behandel word nie, uitgesonderd sake wat die Raad, om dringende redes, mag besluit om te behandel.

14. Die Raad kan 'n vergadering tot enige dag of uur verdaag, maar op 'n voortsettingsvergadering mag geen ander sake behandel word nie as dié uiteengesit in die kennisgewing van die byeenroeping van die vergadering waarvan dit 'n voortsetting is, uitgesonderd sake wat voorgebring word soos in die voorgaande reël bepaal.

15. Die registrateur moet 'n presensieregister hou waarin hy die name van al die lede wat elke vergadering bywoon, opteken.

16. Op die bepaalde uur moet die voorsitter die voorsitterstoel inneem, en indien, na verloop van 'n kwartier geen kworum aanwesig is nie, kan hy die vergadering as uitgestel verklaar tot 'n datum en uur wat hy bepaal.

17. 'n Kworum bestaan uit sewe lede (van wie minstens vier geneeskundiges moet wees).

18. 'n Lid wat 'n saak voor die Raad wil bring, moet minstens dertig dae voor die datum waarvoor 'n vergadering byeengeroep word, 'n skriftelike kennisgewing van sy mosie aan die registrateur stuur, en die kennisgewing van sy mosie moet vermeld staan in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep, en saam met ander sake in volgorde aan die Raad voorgelê word.

19. Geen saak word behandel sonder behoorlike kennisgewing ooreenkomstig die voorgaande reël nie, tensy verlof van die vergadering verkry is om die saak as 'n mosie in te dien. As daar geen sekondant vir die mosie is nie, word dit nie verder behandel nie.

KOMITEES, AANSTELLING VAN, EN KWORUM

20. Die Raad moet op sy eerste vergadering in elke jaar die volgende komitees aanstel om tot die eerste vergadering van die Raad in die volgende jaar te fungeer, of totdat die Raad se ampstyd verstreke is, na gelang van watter tydperk die kortste is: —

*Uitvoerende Komitee.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad, vise-voorsitter van die Raad, die lid van die Raad wat hoofgesondheidsbeampte of 'n assistent-gesondheidsbeampte van die Departement van Gesondheid is, aangestel deur die Minister, en agt ander lede. Die komitee moet so saamgestel wees dat dit uit sewe geneeshere, twee tandartse, een leek en een verpleegster bestaan.

*Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad, die geneeshere wat tot lede van die Raad benoem is deur die universiteite waar geneeskundige fakulteite ingestel is (waarvan een 'n lid van die Spesialistekomitee moet wees), twee ander geneeshere, die tandartse wat tot lede van die Raad benoem is deur die universiteite waar tandheelkundige fakulteite ingestel is, en een ander tandarts.

*Tandheelkundige en Tandheelkundespesialistekomitee.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad en vyf tandartse.

month of January to elect office-bearers and committees and to transact other business of urgency. Such meeting shall be convened by the registrar and held in Pretoria.

10. Special meetings may be convened by the President and shall be convened by him upon the written requisition of at least six members; such requisition must state clearly the purpose for which the meeting is to be convened.

11. Notices convening ordinary and special meetings shall be signed by the registrar, and shall specify the business to be transacted at the meeting. In the case of ordinary meetings, they shall be sent by post or by hand to each member, at least fourteen (14) days before the date for which the meeting is convened. In the case of special meetings such notice shall be given as the President may deem sufficient and, if necessary, may be given by telegram or telephone.

12. All ordinary and special meetings of the Council shall be open to the public, but it shall be competent for a member to move at any time that the Council go into committee to discuss any particular item of business and if such a motion be seconded and carried, strangers shall retire.

13. No business shall be transacted at a meeting other than that specfied in the notice relating thereto, except matters which the Council shall resolve to deal with as urgent.

14. The Council may adjourn a meeting to any day or hour, but no business shall be transacted at an adjourned meeting except such as was set out in the notice convening the meeting of which it is an adjournment, other than matters which are brought forward in accordance with the preceding rule.

15. An attendance register shall be kept by the registrar, who shall enter therein the names of all members attending each meeting.

16. The Chairman shall take the Chair at the appointed hour, and if at the expiration of a quarter of an hour there shall not be a quorum present he may declare the meeting postponed to a day and hour to be fixed by him.

17. Seven members (of whom not less than four shall be medical members) shall constitute a quorum.

18. Any member desirous of bringing any matter before the Council shall forward in writing to the registrar at least thirty days before the date for which a meeting is to be convened, a notice of motion thereof, which notice of motion shall be published in the notice convening the meeting and shall be considered in rotation with the other business to be brought before the Council.

19. No matter shall be considered unless due notice has been given in accordance with the preceding rule, unless permission is obtained from the meeting to bring it forward as a motion. Should the motion find no seconder, it shall not be further considered.

## Committees, Appointment of, and Quorum

20. The Council shall, at its first meeting in each year, appoint the following committees, which shall function until the first meeting of the Council in the following year, or until the term of office of the Council expires, whichever period is the lesser:—

*Executive Committee.*—Consisting of the President, the Vice-President, the member of the Council being the Chief Health Officer of the Department of Health appointed by the Minister, and eight other members. The committee shall be so constituted that it consists of seven medical practitioners, two dentists, one layman and one nurse.

*Medical and Dental Education Committee.*—Consisting of the President, the medical practitioners appointed to be members of the Council by the universities at which faculties of medicine have been established (of whom one shall be a member of the Specialists Committee), two other medical practitioners, the dentists appointed to be members of the Council by the universities at which faculties of dentistry have been established and one other dentist.

*Dental and Dental Specialists Committee.*—Consisting of the President and five dentists.

*Spesialistekomitee (Geneeskunde).*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad en ses geneeshere.

*Komitee vir Aanvullende Gesondheidsdienste.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad, vier geneeshere, een tandarts en een verpleegster.

*Gesamentlike Komitee (met die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie).*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad en twee geregistreerde praktisyns.

*Geneeskundige Komitee vir Voorlopige Ondersoek.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad en twee geneeshere en een bykomende lid wat 'n geneesheer, tandarts of leek kan wees.

*Tandheelkundige Komitee vir Voorlopige Ondersoek.*—Bestaande uit die voorsitter van die Raad en twee tandartse en een bykomende lid wat 'n tandarts, geneesheer of leek kan wees.

21. Die Uitvoerende Komitee het die bevoegdheid om 'n tugkomitee aan te stel met die doel om ondersoek in te stel. 'n Tugkomitee bestaan uit die voorsitter van die Raad of, in sy afwesigheid, die vise-voorsitter van die Raad, en minstens twee en hoogstens vier ander lede van die Raad.

22. Die kworum vir elk van die komitees genoem in Reëls 20 en 21 is as volg: —

*Uitvoerende Komitee.*—Vyf, van wie drie geneeshere moet wees.

*Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee.*—Vier, van wie twee geneeshere moet wees.

*Tandheelkundige en Tandheelkundespesialistekomitee.*—Drie, van wie twee tandartse moet wees.

*Spesialistekomitee (Geneeskunde).*—Vier.

*Komitee vir Aanvullende Gesondheidsdienste.*—Drie.

*Gesamentlike Komitee (met die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie).*—Twee, van wie een 'n verteenwoordiger van die Raad en een 'n verteenwoordiger van die Kommissie moet wees.

*Geneeskundige Komitee vir Voorlopige Ondersoek.*—Drie.

*Tandheelkundige Komitee vir Voorlopige Ondersoek.*—Drie.

*Tugkomitee.*—Drie.

## OPDRAG AAN KOMITEES

23. (*a*) Die Uitvoerende Komitee moet oor alle aangeleenthede betreffende die hou van registers, personeel- en kantoorsake, finansiële sake en etiese sake en alle ander sake wat buite die opdrag aan ander komitees val, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel. Die Uitvoerende Komitee kan ook sake wat binne die opdrag aan ander komitees val, behandel indien sodanige sake dringend is. Die Uitvoerende Komitee stel geen tugondersoeke in nie, maar voer wel voorlopige onderhandelinge ingevolge artikel 41 (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928.

(*b*) Die Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee moet oor alle aangeleenthede aangaande voorafgaande algemene onderwys, eksamens en die registrasie van studente in die geneeskunde en die tandheelkunde, die kursusse van professionele studie en professionele eksamens vir geneeshere en tandartse, die inspeksie en besoek by eksamens en aansoeke om registrasie van geneeshere en tandartse ten opsigte van kwalifikasies nie alreeds erken nie, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel.

(*c*) Die Tandheelkundige en Tandheelkundespesialistekomitee moet oor aangeleenthede rakende tandartse, wat nie binne die opdrag aan die Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwyskomitee val nie, en aansoeke om registrasie as spesialiste en aangeleenthede wat daarop betrekking het, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel. Die Tandheelkundige en Tandheelkundespesialistekomitee behandel ook ander aangeleenthede wat deur die Raad of ander vaste komitees van die Raad na hom verwys word.

(*d*) Die Spesialistekomitee moet oor aansoeke om registrasie as spesialiste en sake wat daarmee in verband staan, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel.

(*e*) Die Komitee vir Aanvullende Gesondheidsdienste moet oor onderwys, eksamens en registrasie in enige van die klasse geneeskundige adjunkte waarvoor die Raad registers opgestel het of van plan is om op te stel, en sake wat daarmee in verband staan, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel.

*Specialists Committee (Medical).*—Consisting of the President and six medical practitioners.

*Committee on Supplementary Health Services.*—Consisting of the President, four medical practitioners, one dentist and one nurse.

*Conjoint Committee (with the South African Pharmacy Board).*—Consisting of the President and two registered practitioners.

*Medical Committee of Preliminary Enquiry.*—Consisting of the President and two medical practitioners and one additional member who may be a medical practitioner, a dentist or a layman.

*Dental Committee of Preliminary Enquiry.*—Consisting of the President and two dentists and one additional member who may be a dentist, a medical practitioner or a layman.

21. The Executive Committee shall be empowered to appoint a disciplinary committee for the purpose of holding an enquiry. A disciplinary committee shall consist of the President, or, in his absence, of the Vice-President, and at least two and at most four other members of the Council.

22. The quorum of each committee mentioned in Rules 20 and 21 shall be:—

*Executive Committee.*—Five, of whom three shall be medical practitioners.

*Medical and Dental Education Committee.*—Four, of whom two shall be medical practitioners.

*Dental and Dental Specialists Committee.*—Three, of whom two shall be dentists.

*Specialists Committee (Medical).*—Four.

*Committee on Supplementary Health Services.*—Three.

*Conjoint Committee (with the South African Pharmacy Board).*—Two, of whom one must be a representative of the Council and one a representative of the Board.

*Medical Committee of Preliminary Enquiry.*—Three.

*Dental Committee of Preliminary Enquiry.*—Three.

*Disciplinary Committee.*—Three.

## TERMS OF REFERENCE OF COMMITTEES

23. (*a*) The Executive Committee shall consider and report on and, if urgently necessary, deal with all matters concerning the keeping of registers, staff and office matters, financial matters and matters of ethics, and all other matters which fall outside the terms of reference of other committees. The Executive Committee may also deal with matters which fall within the terms of reference of other committees, if such matters are urgent. The Executive Committee shall not hold disciplinary enquiries, but shall conduct preliminary negotiations in terms of section 41 (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928.

(*b*) The Medical and Dental Education Committee shall consider and report on and, if urgently necessary, deal with all matters concerning preliminary general education, examination and the registration of medical and dental students, the courses of professional study and professional examinations for medical practitioners and dentists, the inspection and visitation of examinations and applications for registration from medical practitioners and dentists in respect of qualifications not already recognised.

(*c*) The Dental and Dental Specialists Committee shall consider and report on and, if urgently necessary, deal with such matters as affect dentists, which do not fall within the terms of reference of the Medical and Dental Education Committee, and applications for registration as specialists and matters relating thereto. The Dental and Dental Specialists Committee shall also deal with such other matters as may be referred to it by the Council or other standing committees of the Council.

(*d*) The Specialists Committee shall consider and report on and, if urgently necessary, deal with applications for registration as specialists and matters relating thereto.

(*e*) The Committee on Supplementary Health Services shall consider and report on and, if urgently necessary, deal with education, examination and registration in any of the classes of auxiliaries for which the Council has established, or for which it intends to establish registers, and any matters relating thereto.

(*f*) Die Gesamentlike Komitee (tesame met die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie) moet oor sake met betrekking tot vergifte en gewoontevormende medisyne en ander aangeleenthede wat na hom verwys word en wat beide liggame raak, beraadslaag en rapporteer en, indien dringend noodsaaklik, hulle behandel.

(*g*) 'n Tugkomitee moet ondersoeke hou ingevolge die bepalings van die Wet en van die regulasies daarkragtens uitgevaardig vir die hou van ondersoeke.

(*h*) 'n Komitee vir Voorlopige Ondersoek moet voorlopige ondersoek instel na dissiplinêre klagtes.

24. Geskrap by Goewermentskennisgewing 1379 van 1946.

25. Geskrap by Goewermentskennisgewing 1379 van 1946.

26. Die Raad moet spesiaal die bevoegdhede en pligte van komitees aan hulle opdra. Die Raad kan te eniger tyd enige opdrag aan 'n komitee intrek, uitbrei of wysig.

27. (*a*) Die lede van elke komitee, uitgesonderd 'n tugkomitee vir die voorsitterskap waarvan in paragrawe (*b*) en (*c*) gereël word, en uitgesonderd die Uitvoerende Komitee waar die voorsitter van die Raad die voorsitterstoel moet inneem, moet op sy eerste vergadering 'n voorsitter verkies wat die amp beklee en die byeenroeper van die komitee is tot die eerste vergadering van die Raad in die volgende jaar. As sodanige voorsitter bedank, moet 'n ander voorsitter op die volgende vergadering van die komitee verkies word, en indien hy verlof van afwesigheid verkry het, moet 'n ander voorsitter verkies word om gedurende sy afwesigheid op te tree.

(*b*) Die voorsitterstoel van 'n tugkomitee word deur die voorsitter van die Raad ingeneem en, indien hy nie in staat is om die vergadering by te woon nie, deur die vise-voorsitter van die Raad. Indien beide die voorsitter en die vise-voorsitter van die Raad nie in staat is om 'n vergadering van 'n tugkomitee by te woon nie, verkies die tugkomitee een van sy lede wat die vergadering as plaasvervanger van 'n lid bywoon tot voorsitter.

(*c*) Waar die vise-voorsitter van die Raad as voorsitter van 'n tugkomitee optree, word hy in alle opsigte beskou as lid van die tugkomitee vir doeleindes van die vergadering waar hy as voorsitter optree en het hy dieselfde bevoegdhede as die voorsitter van die Raad wanneer hy die voorsitterstoel van 'n tugkomitee inneem.

28. Enige komitee, uitgesonderd 'n tugkomitee, kan 'n saak vir ondersoek en verslag na 'n subkomitee van sy lede verwys.

29. As die Raad nie sit nie, moet die registrateur, sover as moontlik, alle sake binne die opdrag aan 'n komitee na sodanige komitee verwys, en sodanige komitee moet, indien moontlik, daaroor verslag doen aan die volgende vergadering van die Raad. Hierdie reël is nie van toepassing nie op gewone roetine-aangeleenthede, of op sodanige sake waarvan die beginsel reeds by reël of besluit van die Raad bepaal is.

30. Die reglement van orde soos hierin bepaal vir die hou van gewone en buitengewone vergaderings is *mutatis mutandis* van toepassing op komiteevergaderings.

31. Wanneer aan enige lid van die Raad verlof van afwesigheid van die vergaderings van die Raad en komitees verleen word, kan die Raad 'n ander lid aanstel om gedurende die afwesigheid met verlof van dié lid in sy plek in enige komitee op te tree.

32. As daar gedurende die tydsverloop tussen vergaderings van die Raad 'n vakature in enige van die komitees ontstaan, is die Uitvoerende Komitee bevoeg om 'n lid aan te stel ten einde sodanige vakature aan te vul en die aldus aangestelde persoon beklee die amp tot die volgende gewone vergadering van die Raad.

33. (*a*) Elke lid van die Raad het die reg om enige vergadering van 'n vaste komitee waarvan hy nie lid is nie, by te woon, maar is nie geregtig op die betaling van gelde en toelaes vir die bywoon van sodanige vergaderings nie; en elke lid van die Raad kan by die registrateur 'n algemene of spesifieke versoek aanteken om betyds in kennis gestel te word van die datum, plek en agenda van enige vergadering of alle vergaderings van 'n vaste komitee en moet, indien die tyd dit toelaat, van sodanige kennisgewing voorsien word. Die voorsitter van die komitee kan 'n aldus besoekende lid toelaat om te praat, maar nie om te stem nie. Elke komitee is bevoeg om enige lid van die Raad tydelik as bykomende lid vir spesiale doeleindes te koöpteer. Gekoöpteerde lede is geregtig op gelde en toelaes vir die bywoon van vergaderings van komitees waarin hulle gekoöpteer is.

(*f*) The Conjoint Committee (with the South African Pharmacy Board) shall consider and report on and, when urgently necessary, deal with matters relating to poisons and habit-forming drugs, and such other matters referred to it as concern both bodies.

(*g*) A disciplinary committee shall hold enquiries in terms of the Act and of the regulations made thereunder for the conduct of enquiries.

(*h*) A preliminary committee of enquiry shall hold a preliminary enquiry into disciplinary complaints.

24. Deleted by Government Notice 1379 of 1946.

25. Deleted by Government Notice 1379 of 1946.

26. The powers and duties of committees shall be specially delegated to them by the Council. The Council may, at any time, withdraw, extend or modify any reference to a committee.

27. (*a*) The members of each committee, with the exception of a disciplinary committee for the chairmanship of which provision is made in paragraphs (*b*) and (*c*), and with the exception of the Executive Committee of which the President shall be Chairman, shall at its first meeting elect a chairman who shall hold office and be the convener of such committee until the first meeting of the Council in the following year. If such chairman should resign, some other chairman shall be elected at the next meeting of the committee, and if he should obtain leave of absence some other chairman shall be elected to act during his absence.

(*b*) The Chair of a disciplinary committee shall be taken by the President, and if he is unable to attend a meeting, by the Vice-President. If both the President and the Vice-President are unable to attend a meeting of the disciplinary committee, the disciplinary committee shall elect one of its members who is attending the meeting as alternate to a member, to be Chairman.

(*c*) In acting as the Chairman of a disciplinary committee, the Vice-President shall be regarded in every respect as a member of the disciplinary committee for the purpose of the meeting of which he is Chairman and he shall have the same powers as the President when he takes the Chair of a disciplinary committee.

28. Any committee other than a disciplinary committee may refer a matter to a subcommittee of its members for investigation and report.

29. The registrar shall, when the Council is not sitting, refer, as far as possible, all matters within the terms of reference of a committee to such committee, and such committee shall, if possible, report thereon to the next meeting of the Council. This rule shall not apply to matters of ordinary routine or such matters the principle of which has already been laid down by rule or resolution of the Council.

30. The rules of order laid down herein for the conduct of ordinary and special meetings shall apply, *mutatis mutandis,* to meetings of committees.

31. When any member of the Council is granted leave of absence from the meetings of the Council and committees the Council may appoint some other member to act on any committee during the absence of the member on leave.

32. Should a vacancy on any committee occur during an interval between meetings of the Council, the Executive Committee may appoint a member to fill such vacancy and the person so appointed shall hold office until the next ordinary meeting of the Council.

33. (*a*) Every member of the Council may attend any meeting of a standing committee of which he is not a member, but shall not be entitled to be paid fees and allowances for attending such meetings and every member of the Council may register with the registrar a general or specific request to be furnished with timely notice of the date, place and agenda of any meeting or all meetings of a standing committee, and shall, whenever time permits, be so supplied; the Chairman of the committee may permit a member so attending to speak, but not to vote. Every committee shall have the power to co-opt temporarily any member of the Council as an additional member for special purposes. Co-opted members shall be entitled to fees and allowances for attending meetings of committees to which they have been co-opted.

(*b*) Paragraaf (*a*) van hierdie reël geld nie ten opsigte van 'n komitee vir voorlopige ondersoek of van 'n tugkomitee nie. Slegs 'n raadslid wat 'n vergadering van 'n komitee vir voorlopige ondersoek of van 'n tugkomitee as lid bywoon, mag sodanige vergadering in sy hoedanigheid as raadslid bywoon.

(*c*) Vergaderings van komitees is nie vir die publiek toeganklik nie, behalwe in die geval van 'n tugkomitee: Met dien verstande dat enige besluit van 'n tugkomitee ten opsigte van enige aangeleentheid wat in verband met, of gedurende die verloop van, 'n ondersoek ontstaan, *in camera* geneem kan word.

34. Kopieë van komiteeverslae wat aan 'n vergadering moet voorgelê word, moet, waar moontlik, aan elke lid van die Raad gestuur word met die kennisgewing wat die vergadering byeenroep.

NOTULE

35. Die verrigtinge van vergaderings van die Raad moet vasgelê word in die vorm van getikte notule, wat op die volgende vergadering na goedkeuring deur ondertekening van die voorsitter bekragtig word.

36. Behalwe soos in die opvolgende paragrawe bepaal, moet—

(i) die notule van elke vergadering 'n opsomming bevat van die sake wat behandel is en sodanige mosies en amendemente as wat voorgestel en aangeneem of verwerp is, tesame met die name van voorsteller en sekondant, maar sonder enige kommentaar of opmerking van lede;

(ii) die notule van die verrigtinge van 'n komitee van die Raad, wat ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 42 (3) van die Wet fungeer, 'n opsomming bevat van die sake wat behandel is en slegs sodanige finale besluite as wat aangeneem is en/of sodanige finale aanbevelings as wat gedoen is deur die komitee tydens sy beraadslaginge;

(iii) die notule van alle ander komitees van die Raad 'n opsomming bevat van die sake wat behandel is en die besluite wat aangeneem is, maar sonder enige kommentaar of opmerkings van lede.

37. Die registrateur moet so spoedig moontlik na afloop van die vergadering 'n afskrif van die notule van elke vergadering, met ingebrip van die notule van die vaste komitees van die Raad, aan alle lede van die Raad stuur.

38. Die notule kan as gelees beskou word: Met dien verstande dat enige lid kan voorstel dat 'n sekere notule gelees moet word ten einde sodanige verbetering daarin of byvoeging daarby aan te bring as wat nodig mag blyk.

VOLGORDE VAN SAKE EN BESPREKINGS

39. Die Raad moet op die eerste dag van die sessie bymekaarkom op 'n uur en plek deur die voorsitter bepaal en genoem in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep. Die vergadering kan van tyd tot tyd verdaag word op grond van 'n mosie van 'n lid, behoorlik gesekondeer en goedgekeur.

By die opening van elke afsonderlike sessie van die Raad, moet geleentheid aan lede van die Raad gegee word om vrae te stel ten opsigte van die werksaamhede van die Raad, en dié vrae moet dan indien moontlik onmiddellik beantwoord word of, so nie, op 'n volgende sitting deur die voorsitter of deur sodanige ampsdraer of beampte as wat die voorsitter mag gelas. Geen bespreking word daaroor toegelaat nie.

40. Die volgorde waarin sake op elke gewone vergadering behandel word, is soos volg: —

Notule van die vorige vergadering.
Finansiële verslag van die penningmeester.
Verslag van die registrateur oor ingeskrewe registrasies.
Verslae van vaste komitees.
Verslae van ander komitees.
Verslae wat oorstaan van vorige vergaderings.
Kennisgewings van mosie oorgehou van vorige vergadering.
Nuwe kennisgewings van mosie.
Ander sake.

'n Lid van die Raad het egter die bevoegdheid om op 'n bepaalde vergadering voor te stel dat 'n beskrywingspunt wat op die agenda van die bepaalde vergadering van die Raad verskyn, voor ander punte op die agenda behandel moet word.